



GEREFORMEERDE SKOOL  
DIRK POSTMA

# INFO 7/2025

25 April 2025



## Van die skoolhoof



Liewe GSDP-gemeenskap

**Josua 1:9 "Het Ek jou nie beveel nie: Wees sterk en vol moed, wees nie bevrees of verskrik nie; want die Here jou God is met jou"**

Ons beleef uitdagende tye in ons persoonlike lewe, by die werk, in die onderwys, in ons stad en ook in ons land. As gelowiges vra die Here dat ons in hierdie omstandighede sterk en vol moed moet wees, ons moet volhard al is dit met klein treë.

Dit laat my dink aan die fabel van die haas en die skilpad.

Die selfversekerde haas het langs die pad geslaap, en toe het die stadige skilpad die resies gewen. By die haas leer ons om nie grootpraterig en té selfversekerd te wees nie. By die skilpad leer ons dat aanhouer wen. 'n Mens hoef nie noodwendig die beste of slimste te wees om 'n oorwinning te behaal nie. Deursettingsvermoë en volharding is baie belangrik.

GSDP is nie een van die grootste skole nie, in die oë van die wêreld is ons maar klein en nietig, tog hou ons tree vir tree aan om kinders toe te rus. Die Here roep ons op hierdie klein grondgebied om 'n bepaalde taak en opdrag uit te voer.

Die kinders wat vir ons gestuur word, moet volkome toegerus word om ook weer hul roeping eendag te kan uitvoer. Die Here is ook hierin getrou en ons kan getuig hoe van hierdie kinders later in hul lewens geroep is om as dokters en spesialiste, predikante, motorwerktuigkundiges, tuisteskeppers, dosente, ingenieurs, onderwysers, verpleegsters, veeartse, aptekers en nog vele meer in God se koninkryk te arbeid.

Ons is miskien nie vinnig nie, het nie die blinkste grootste geboue nie, het nie die nuutste tegnologie en laboratoriums nie, maar ons kinders word onderrig deur gelowige toegewyde onderwysers wat in die Lig van God se aangesig lewe. Ons volhard in die klein treë, al voel dit soms soos die skilpad se skuifelpassies. Deursettingsvermoë is belangrik.

Ouers en onderwysers moet versigtig wees vir die roepstemme van die "skare" hierbuite, wat ons wil verlei om te dink ons is te klein, maak nie 'n verskil nie of ons kinders kry nie die beste geleenthede nie.

As ons getrou is aan Christus se opdrag, stuur Hy die gawes wat ons en ons kinders nodig het, nie noodwendig wat ons begeer nie. Ons moet met daardie gawes werk, sodat die skool en natuurlik die kinders uiteindelik mag vrug dra, vrug waarmee die Here geëer en die gemeenskap gedien word.

Vriendelike groete

Saskia Meijer



## Bepanners

- **25/04:** HS Netbal vs HS Gerrit Maritz (Weg)
- **25/04:** LS Verkoop
- **5/05:** HS Netbal vs HS Rietondale (Weg)
- **5/05:** LS Wintersdrag
- **6/05:** LS Netbal Riviera Primary
- **8/05:** Afrikaans 100 jaar
- **8/05:** HS Tafeltennis vs Courtney College (Weg)
- **9/05:** HS ATKV-redenaars Gauteng-Noord (Iste uitdun)
- **9/05:** HS Netbal vs HS Curro Roodeplaat (Weg)
- **9/05:** LS Verkope 5C



## Algemeen

### Dirkie-kouse

Ons is trots om te kan noem dat die Dirkie-kouse deel is van ons **sportdrag**. Ons moedig alle Dirkies aan om vir hulself 'n paar kouse te koop en te dra wanneer jul aan sport deelneem. Die kouse kos **R80** en kan op die webwerf by **Winkel** bestel word.

### Wintersdrag

Wintersdrag moet vanaf **5 Mei 2025** gedra word. Maak asseblief seker van die **korrekte voorgeskrewe wintersdrag** soos uiteengesit in die skooldagboek / skoolreëls wat u in die begin van die jaar ontvang het. Vir die **laerskool** volg 'n **infasingstydperk tot 19 Mei**.

**GSDP bied aan**  
**OPEDAG 2025**

Kom loer gerus in en ontdek wat ons kleuterskool, laerskool én hoërskool alles bied!

**17 Mei 2025**  
**SATERDAG**  
Saam met die Dopperspele

Twee deurstapsessies om **9:00-10:00** en **13:00-14:00**

Die Gereformeerde Skool Dirk Postma adverteer die volgende:

# VAKATURE

## AFRIKAANS HOËRSKOOL

### Graad 11 en 12

AANVANGSDATUM:

**22 JULIE 2025**

#### AANSOEKVEREISTES

- Lidmaat van GKSA of VGKSA
- Getuigskrif van huidige predikant
- ID Dokument
- B.Ed - of NGOS-kwalifikasie
- SACE geregistreer
- IEB-ondervinding sal in u guns tel
- Volledige CV in Afrikaans
- Afskrif van sertifikate

*GSDP behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie.*




+27(0) 12 332 3222



[www.gsdp.co.za](http://www.gsdp.co.za)

**Stuur u aansoek na [skoolhoof@gsdp.co.za](mailto:skoolhoof@gsdp.co.za)**  
**Sluitingsdatum: 26 Mei 2025**

*Aanvaar asseblief dat u aansoek onsuksesvol was indien u nie gekontak word nie.*





# GRAAD 7 GESPREKSAAND

*Die tiener in my huis*

**Dr. Louisa Stoker:**  
Opvoedkundige Sielkunde

**13 Mei om 18:00** in juf. Mart-Mari se klas.

**Parkering by kerkgebou.**


## Netbal

**Dinsdag, 22 April** het ons spanne ons eerste vriendskaplike wedstryde gespeel.

Ons mini-netbal spannetjies het mekaar aangedurf. Dit was somer vet pret gewees.

Die **0/9 - 0/13 spanne** het teen **Caligro Academy** gespeel op die Hoërskoolbane. Baie dankie aan elke dogter wat gespeel het en die mooi gesindheid waarin die wedstryde plaasgevind het.

Dankie ook aan elke ondersteuner! Ons sien uit na die volgende wedstryde wat in Mei plaasvind.



# Laerskool

AFRIKAANS IS 100 JAAR (8 Mei 2025)

## 5 - 9 Mei

Skryf jou **gunsteling Afrikaanse woord** of 'n unieke woord neer. Versier dit en plak dit in 'n letter op die **kennisgewingbord** by die skool.

Gaan wys jou woord eers vir juf. Cornelia voor jy dit op die kennisgewingbord plak.

Die kreatiefste en uniekste woorde sal 'n **prys** wen. Wenner sal **Maandag, 12 Mei** in die saal afgekondig word.

Moenie die gras onder julle voete laat groei nie. 'n Boer maak 'n plan.



# Hoërskool

## Aandag alle hoërskoolleerlinge en ouers!

Vanaf **5 Mei** sal daar **nasorg-fasiliteite** by die hoërskool wees. **Mev Arinda de Wet** gaan die leerlinge begelei met huiswerk, leerwerk en ander skoolverwante sake.

Die nasorg word elke **weeismiddag** vanaf **14:00 – 17:00** op die **hoërskoolterrein** aangebied. Kontak **mev Lynni Enslin** vir meer besonderhede of om u kind daar in te skryf.

# Sport

## Netbal

Die **liga-wedstryde** het begin.

Die wedstryd teen **Hoërskool Erasmus** was 'n moeilike wedstryd, maar die spanne het baie goed gespeel.

- O/15A verloor 5-25
- O/15B verloor 5-13
- O/19B wen 16-15
- O/19A verloor 19-36

Tydens die wedstryd teen **Hoërskool CR Swart** het dit baie beter gegaan.

- O/15A wen 12-7
- O/15B wen 11-2
- O/19B verloor 8-13
- O/19A wen 36-15

Vrydag speel die spanne teen **Hoërskool Gerrit Maritz** en almal sien uit na mooi wedstryde.



## Tafeltennis

Die Tafeltennis-spanne het teen HTS John Vorster gespeel. Hulle wen 23-7. Baie geluk!





# Hoërskool

## Dirkies skaak en spanskaak

Skaakspeel is vanjaar weer in volle swang by die hoërskool. Skaakoefening vind dwarsdeur die jaar op Maandagmiddae direk na skool in die IT-sentrum plaas. Die aantal spelers wissel van jaar tot jaar. Die oefeninge duur nooit veel langer as 'n uur nie. Mnr. de Feijter tree op as bestuurder en afrigter, en mnr. de Ronde is hulpafrigter. Alle leerlinge, van graad 8 tot 12 mag kom speel, tuisskool-leerlinge word ook toegelaat. Ons verwag wel dat spelers reeds op laerskool 'n mate van vaardigheid ontwikkel het.

Ons skool neem jaarliks aan 'n interskole-spanskaakkompetisie deel. Vanjaar word dit gehou by Gentle Giant Promotions in die Heartfelt Arena in Pretoria. Mnr. Andries Buys, een van ons ouers, is vir jare reeds die spanskaak-organiseerder by hierdie geleentheid.

### Wat is spanskaak?

Spanskaak verskil van individuele skaak om dat die spelers as skoolspan teen spanne van ander skole deelneem. Dit beteken dat, vir 'n span van vyf spelers, elke speler beurtelings 'n skuif moet maak teen 'n speler van die opponerende span, bv. ons speler 1 teen opponentspan se speler 1, daarna ons speler 2 teen die opponente se speler 2, ens. Die wedstryd word op baie groot skaak-"borde" gespeel waarop daar geloop en die groot skaakstukke met beide hande opgetel en verskuif word. Elke span kry 20 minute speelyd. 'n Speler moet na sy skuif vinnig na die skaakklok loop om sy span se tyd te "stop" en die ander span se tyd te laat "loop". Spanskaak is lekker en baie uitdagend. 'n Span moet hul spantegniek vooraf goed beplan en oefen, hetsy die span met wit of swart speel.

### Vanjaar se spanskaak-kompetisie

Hierdie geleentheid is reeds vroeër vanjaar deur mnr. Buys gereël. Die datum, 17 Mei, is reeds vir die spelers en hul ouers deurgegee. Die skool begroot jaarliks vir hierdie kompetisie, en die koste vir die leerders is gewoonlik minimaal, of heeltemal gratis. Volledige besonderhede sal aan die ouers en skaakspelers deurgegee word.

Mnr M de Feijter (Skaakafrigter en spanbestuurder)





# Hoërskool

## Konsertoefentye

Konsertoefentye vir Kwartaal 2 is soos volg:

- **9, 23 en 30 Mei** vanaf **13:15 tot 15:00**
- **6, 13 en 20 Junie** – tye sal gekommunikeer word.

Ons wil graag vra dat leerlinge die oefeninge getrou sal bywoon.

## Hoërskool Interne Redenaars

Op **Woensdag 23 April om 18:00** het sewe-en-twintig oratore in die hoërskool opgetrek om deel te neem aan die interne redenaas. Die agt beoordelaars moes bontstaan om almal na waarde te beoordeel! Die vyf leerlinge wat op **9 en 10 Mei** aan die ATKV se redenaars kompetisie gaan deelneem, het ook daar hulle eerste vuurdoop gehad. Baie dankie vir almal se deelname, volgende jaar maak ons weer so!



## Taaldag - 22 Mei





Soos almal reeds weet vier **Afrikaans** amptelik hierdie jaar sy **honderdjarige bestaan**. Hier in Pretoria word daar op verskillende plekke vanaf 22 Mei feesgevier. Die hoërskool vier hierdie mylpaal dan ook in die laaste periode op **Donderdag, 22 Mei** in die kerkgebou van die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar.

Mev. Jana Terblanche, voorheen skoolhoof by die hoërskool, gaan 'n kort oorsig gee oor die verlede en toekoms van Afrikaans en die hoërskool se dramaleerlinge lewer 'n voordragprogram.

Ons sien baie uit na die geleentheid.



## School Hair Accessories



- A - R60
- B - R40
- C - R60
- D - R35
- E - R60
- F - R40

Pragtige skool-goedgekeurde haarbykomstighede bestelbaar deur WhatsApp. Vir verdere besonderhede kontak Bella-Clara by 071 331 0925

## Seamless Gutters, Gutter Cleaning, roof painting & Rainwater Harvesting

### Why Gutters:

Beneficial to the structural well-being of a building. Prevent staining on exterior walls and fascia boards. The first step in controlling rainwater from your roof into a rainwater harvesting system is. Prevent moisture build-up in exterior walls. Prevent scouring of foundations. Prevent Home flooding. Provide aesthetic value.

### Why Seamless Gutters:

Custom Made at your property. Very easy and quick to install. Only has joints on the corners meaning fewer positions to leak. Longer lifespan due to the quality of material and powder-coated paint. Aesthetically appealing & Comes pre-painted.



### Why Gutter Maintenance:

Increase the longevity of the gutter system. Prevents moisture from leaking into the roof. Ward off pests. Avoid fascia damage.

### Why Rainwater Harvesting:

You will have water during water shedding. Be a responsible citizen and conserve our natural resources. Save money on water consumption. Be part of your total system to get off the grid.

☎ 074 496 4713

📞 074 496 4713

✉ info@frgutters.co.za

🌐 www.frgutters.co.za

**ARRIE NEL**  
**APTEEKGROEP**

Familie Waardes,  
Waarde vir die hele Familie!



www.arriemel.co.za

**GRATIS  
AFLEWERING**

**WELKOM IN** *apteek*  
**ARRIE NEL WÊRELD!**

**TOTIUSDAL**  
**APTEEK**

☎ 012 332 1911/2

📞 061 549 2255

✉ totiusdal@arriemel.co.za

Codoniarylaan 779, Waverley, Pretoria

# Wen jou Wetenskap en Wiskunde

Graad 10 tot Graad 12 Wiskunde:

- Vraestelle met Memo's @ R130
- Nifty Notas @ R130

Vat die volledige Wiskunde  
Pakket vir slegs R240

Afleweringkoste  
@ R120

Graad 10 tot Graad 12 Wetenskap:

- Nifty Notas @ R130
- Flashy Flitskaarte @ R70
- Vraestelle met memo's @ R130

Vat die volledige Wetenskap  
Pakket vir slegs R300



## Win your Science and Maths

Grade 10 to Grade 12 Maths:

- \* Tricky Exam Papers with Answer Sheets @ R130

Gr 10  
Science  
Packs are  
busy  
brewing!!!

Courier Costs  
@ R120

Grade 11 to Grade 12 Science pack:

- \* Snazzy Summaries @ R130
- \* Flashy Flashcards @ R70
- \* Tricky Exam Papers with Answer Sheets @ R130

All the Science  
goodies @ R300

<https://wenwetenskap.co.za>

[Helena - 0845103373](tel:0845103373)

[hverwey@absamail.co.za](mailto:hverwey@absamail.co.za)

# CHALWIL ENGINEERING

No problem too big to solve!

## *Our Services:*

- ☑ Automotive Engineering
- ☑ Manufacturing components
- ☑ Manufacturing gears
- ☑ Gear rebuilding



## *Contact Us:*

074 158 0765

69 Hardie Muller street,  
Rosslyn, Pretoria





*Specializing in:*

Designer Formal Wear

Men Suits

Special Occasion Wear

Mother of the Bride | Matric Farewell

**Exclusive Stockist of Anabel Nox**

**To Book:**

**Lisa Roux 072 402 0307**

[www.kleurboutique.co.za](http://www.kleurboutique.co.za)

# Snapscan Kodes



Snap here to pay



Doen betalings vir skoolfonds of boufonds met behulp van die "snapscan"-kodes of een van die volgende:

EFT

D6-toep

Kaartfasiliteit (laerskoolkantoor)

Ons hanteer GEEN KONTANT nie.



Snap here to pay



GSDP-  
SKOOLFONDS

Onthou om altyd u familiekode en die doel (as dit anders is as skoolfonds) te gebruik, byvoorbeeld 0123 BOUFONDS.

GSDP-  
BOUFONDS

## ONDERSTEUN GSDP & HERWINNING



### BLITS

**Wanneer u aankope te Blits doen, noem asseblief dat u 'n GSDP-ouer/-ondersteuner is.**

**Dankie vir u ondersteuning!**

### MY SCHOOL

Hoe werk die MySchool-kaart? Vir aankope by winkels wat gekoppel is aan die kaart, bv Woolworths, ontvang die skool maandeliks 'n persentasie van die aankope.

Indien u nog nie 'n kaart het nie, besoek die web-tuiste van MySchool en volg die skakel na "Get a MySchool card now". Dit is baie maklik en neem enkele minute.

**Ons het afgelope jaar R 16 405,00 uit hierdie projek ontvang.**



MySchool MyVillage MyPlanet

### PICK N PAY, WAVERLEY PLAZA



Plaas asseblief al u kasregisterstrokie in die houer, gemerk "Dirk Postma". Die skool in die Moot met die MEESTE kasregisterstrokie (nie geldwaarde nie), ontvang aan die einde van die jaar 'n kontantbedrag.

### GSDP: GLASPROJEK

Ondersteun asseblief ons glasprojek deur al u "afval"-glas in die houers te Cunninghamlaan te plaas.

**Baie dankie dat ons kan staatmaak op u ondersteuning. Saam kan ons probeer om die nasionale wenner in 2025 te wees.**

